Kompas

Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Jaargang 12 / no. 3
Maart 2003

REGVERDIGE OORLOG?

Sal die VSA Irak aanval of nie? Hierdie vraag het die afgelope maande die internasionale politiek beheers. Soos wat diskussies en aksies gevoer is, het die aksent egter verskuif en het dit al hoe meer geword: *Mag* die VSA Irak aanval of nie? As dit waar is dat Irak gevaarlike wapens besit, is dit dan genoeg rede om die land aan te val?

As die vraag so gestel word, is daar nie net politieke afwegings wat gemaak moet word nie, maar is daar ook 'n etiese aspek ter sprake. Kan 'n oorlog teen Irak eties geregverdig word? Breër gestel: Onder watter omstandighede kan 'n oorlog geregverdig word? Daarmee kry ons met die eeue oue vraagstuk van die 'bellum iustum' (regverdige oorlog) te make.

Die meeste kerkvaders, van Augustinus en Calvyn tot vandag toe, het erken dat daar 'n reg en soms selfs 'n plig tot oorlog bestaan. Calvyn vergelyk dit in sy Institusie (boek IV,20,11) met die owerheid se roeping om die kwaad te bestry. As die owerheid die taak het om boewe te vang en te bestraf, dan moet hulle ook internasionale onreg en boewery bestry.

In die geskiedenis van die etiek is daar gepoog om te omskryf onder watter omstandighede 'n oorlog geregverdig kan word. In die eerste plek moet die oorlog vir 'n regverdige saak gevoer word, byvoorbeeld as jou land of 'n bondgenoot se land aangeval word. In die tweede plek moet die oorlog met die regte doel gevoer word, byvoorbeeld om vrede te herstel (nie om wraak te oefen nie). In die derde plek moet die oorlog deur 'n wettige owerheid gevoer word wat in staat is om bekwame leiding te gee. Daar is nog meer voorwaardes, maar hierdie drie is die belangrikste.

Wat sê hierdie voorwaardes oor president Bush se oorlogsplanne? Kan 'n aanval op Irak werklik geregverdig word? Die antwoord is nie maklik nie. Afgesien van die vraag of Saddam Hoessein werklik sulke gevaarlike wapens het, het hy sodanige wapens nog nie begin gebruik nie. Dit maak dit moeilik om te sê dat die VSA die reg het om 'n oorlog teen hom te begin.

Aan die ander kant het die wêreld egter so verander het dat die klassieke etiese reëls nie meer in alle gevalle toepasbaar is nie. Ons lewe in 'n tyd van internasionale terrorisme en redelike algemene beskikbaarheid van kernwapens. As 'n gevaarlike diktator soos Saddam Hoessein inderdaad oor massa-vernietigingswapens beskik, is dit dalk beter om nie te wag totdat hy dit gebruik nie!

Die 'etiek van die regverdige oorlog' sal opnuut deurdink moet word om dit vir die 21ste eeu toepasbaar te maak.

AJdV

In Hierdie Uitgawe



Tema: GKSA-Sinode

- **MIV-VIGS Verklaring 2**
- **Sinode: Koerswysiging in perspektief 3**
- **Nuwe maniere van Skrifgebruik 5**
- **Sinode: Belangrikste besluite .. 7**
- **Sosio-historiese metode van eksegese 9**
- Kerkplanting 12
- Verkiesings in Nederland 13
- Onderhoud met Ds Boersma 15

GKSA-VERKLARING OOR DIE MIV-VIGSPANDEMIE



TEMA: GKSA-SINODE

Die Sinode van die GKSA het die volgende verklaring oor die MIV-VIGS-pandemie uitgereik:

"Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika neem met hartseer kennis van een van die grootste krisisse wat die mensdom nog ooit getref het met die sorgwekkende afmetings wat die pandemie van vigs aangeneem het en steeds aanneem. Statistiek RSA: *Geïnfekteer:* 3.5 miljoen (2003), 5.3 tot 6.1 miljoen (2005) en 6 tot 7.5 miljoen (2010). *Sterftesyfer (per jaar):* 90 000 (2002), 383 000 (2005) en 635 000 (2010).

Die Sinode het ook sy kommer uitgespreek oor die kerke se gebrekkige rol ten opsigte van bestryding van hierdie tragedie. Die verwoestende effek wat vigs uitoefen op die gesinslewe

(ouerlose kinders), die beroepslewe (verminderde arbeidskorps) en die mediese diens (oorlading by dokters en hospitale) is enorm. Daarmee saam die toenemende armoede en magteloosheid in agtergeblewe gemeenskappe waar vigs 'n welige teelaarde vind. Met afsku is ook kennis geneem van die gevaarlike mites wat onder sekere mense oor vigs bestaan en wat gelei het tot verkragting van kinders.

Teleurstelling is ook uitgespreek oor die landsregering se oënskynlike onvermoë om die vigspandemie op betekenisvolle wyse die hoof te bied met sy *pro-kondoomveldtog* asof dit *veilige seks* sal waarborg. Daarom is daar waardering vir die nuwe benadering van die regering, naamlik sy MIV-VIGS-program A ("abstinence") en B ("be faithful").

'n Beroep word op kerke gedoen om

- Te waarsku teen stigmatisering, diskriminering en verwerping van MIV-positiewe persone;
- In die gesindheid van die liefde van Christus 'n veilige hawe te wees waar MIV-positiewe mense en vigslyers en hulle naasbestaandes die grootste vrymoedigheid het om hulle status bekend te maak
- Deur middel van morele voorligting (aan veral jongmense), pastorale begeleiding en versorging van vigspasiënte en weeskinders die genesende krag van die evangelie van die Here Jesus Christus in die samelewing sigbaar te maak
- As vennoot formeel betrokke te raak by multi-dissiplinêre aksies om vigs te voorkom en te bestry
- Te offer ten einde ook finansieel 'n beduidender rol te speel.

'n Beroep word op die jeug gedoen om te besef dat daar geen *veilige seks* bestaan nie, maar wel *verantwoordelike seks* binne die raamwerk van die *monogame* huwelik. Seksuele losbandigheid is nie alleen 'n hoë risiko nie, maar ook teen die wil van God.

'n Beroep word op die sentrale owerheid gedoen om MIV-VIGS tot 'n *aanmeldbare siekte* te verklaar ten einde MIV-VIGS-pasiënte doeltreffend te identifiseer en te behandel. Hierdie beroep het besondere betrekking op situasies van gedwonge saamgroepering van mense - soos veral in hostelle en in gevangenisse waar homoseksualiteit en verkragting 'n hoë risiko is.

Die owerhede (nasionaal, provinsiaal en munisipaal) word ook versoek om met nog groter doelgerigtheid alles in die werk te stel om deur middel van voorligting, voorsorg, finansiële voorsiening en voorkomende maatreëls die pandemie te probeer stuit, sodat ons 'n gesonde samelewing mag hê.

'n Beroep word ook op die media gedoen om nie advertensieruimte vir prostitusie te gee nie, aangesien prostitusie teen die wil van God en sy Woord is en ook vanweë die direkte verband tussen prostitusie en MIV-VIGS-besmetting."

Artikel is oorgeneem uit Kerk en Woord. ¤

Eienaar en uitgewer:
Stigting Woord en Wandel

Drukker: Printburo
Tel. (012) 335-9134

Kernredaksie: dr AJ de Visser
(eindredakteur)
ds C Kleijn
J Moes
A Roos
Mev. M de Vries

Redaksie: Mev. M de Vries
Cunninghamlaan 1299
Waverley 0186
Tel. (012) 332-3168

E-pos: Kompas@Cybertrade.co.za

Nederland: Mev. H van de Weide
Haakbergseweg 47
7161 BG Neede
Sel. 653 591 960

Administrasie: Mev. H Groenwold
Posbus 23931
Gezina 0031
Tel. (012) 335-2761

Intekengelde:
E-pos: R40 per jaar
Suid-Afrika: R80 per jaar
Nederland: Seepos •20
Lugpos • 30

GKSA-SINODE 2003: KOERSWYSIGING IN PERSPEKTIEF

Rob van der Kooy



TEMA: GKSA-SINODE

Die sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika van Januarie 2003 sal veral ten opsigte van twee agendapunte die geskiedenis ingaan as die sinode wat 'n drastiese koerswysiging in hierdie kerke geyk – as gangbaar erken – het. Dit is veral oor die toelating van die nuwe Psalm-omdigting, algemeen bekend as die Cloete-omdigting, en die toelating van die vrou in die amp van diaken. 'n Ander omstrede agendapunt, oor die gebruik van kelkies in die plek van bekers by die Nagmaal, het onbeslis geëindig omdat daar nie meer tyd was nie.

Dit is duidelik hierdie twee onderwerpe wat prof GJC Jordaan, die uittredende hoofredakteur van Die Kerkblad, tydskrif van hierdie kerke, in sy laaste hoofartikel laat skryf het "dat daar in die GKSA twee verskillende maniere van Skrifberoep bestaan. Hoewel almal hulle op die Bybel beroep, word die Bybel op verskillende maniere hanteer."

"Een manier van Skrifberoep is om vanuit die Skrif na die praktyk te redeneer. Dit is die ou, gevestigde manier van Skrifberoep in die gereformeerde wêreld. Die ander manier van Skrifberoep is om vanuit die praktyk na die Skrif toe te redeneer."

Hy sluit sy artikel af deur versigtig te stel dat "die GKSA met Sinode 2003 'n pad betree het wat hom wel nader laat beweeg aan 'n ander deel van die gereformeerde wêreld as die met wie ons nog tot dusver bande gehad het. As dit wel die geval is, dan beteken dit 'n drastiese koersverandering vir die GKSA." (Die artikel van prof. Jordaan word elders in hierdie uitgawe amper volledig aangehaal - red.)

'n Waarnemer kan opmerk dat hierdie koersverandering al vir jare in die GKSA bemerk kon word, en ook tydens die sinode in verskeie ander besprekings en besluite na vore gekom het. Maar veral ten opsigte van die Cloete-omdigting en die vrou-in-die-amp was dit duidelik dat die Skrifberoep om vanuit die praktyk na die Skrif toe te redeneer, tot genoemde besluite gelei het.

CLOETE-OMDIGTING

'n Buitestaander sal dit dalk moeilik vind om ten opsigte van die aanvaarding van die Cloete-omdigting 'n verkeerde Skrifbeskouing raak te sien. Dit gaan hier om 'n nuwe omdigting van die 150 Psalms wat al baie jare in die maak is en wat al meer as jaar gelede deur die NG- en NH-kerke aanvaar en in gebruik geneem is. Aan die totstandkoming het die GKSA oor baie jare meegewerk. En die nuwe Psalm-verwerkings is die afgelope drie jaar al deur baie kerke in die GKSA "getoets" deur hulle gereeld te sing, iets wat die vorige sinode – in 2000 – aanbeveel het. Daarby is dit so dat die taal van die ou beryming, bekend as die Totius-beryming, met opdatering kan doen. Dit ontken niemand nie. Maar om te sê dat hierdie beryming onsingbaar geword het, is onsin.

Diegene wat in die afgelope paar jaar van al die kritiek op die Cloete-omdigting kennis geneem het, vind dit vreemd dat deputate wat al die kommentaar in die afgelope jaar verwerk het, die sinodekommissie wat die deputate se verslag moes beoordeel en 'n aanbeveling moes doen, asook daarna die sinode self, geen oor vir 'n ander moontlikheid as goedkeuring daarvan gehad het nie. Kritiek is in die wind geslaan, of, indien dit erken is (wat hier en daar wel die geval was), is dit nie belangrik genoeg geag om deurslaggewend te wees nie. Kortliks kom al die kritiek op die Cloete-omdigting daarop neer dat heelwat van die inhoud van die Psalms weggelaat is, onder meer 'n hele paar duidelike Messiaanse heenwysings, dat God se wraak (die "wraakpsalms") gereduseer en versag is, en sy liefde oorbeklemtoon is, dat Psalms verkeerd vertolk is, dat die kwaliteit veel te wense oorlaat, dit alles met die gevolg dat die nuwe omdigting die kerkvolk eerder weglei van die Skrif as om hulle nader daaraan te bring.

Die nuwe Psalm-omdigting is niks anders as vrye liedere wat talle swaktes het, wat gebaseer is op die Psalms, en wat nie kan pretendeer dat hulle die Psalms getrou in singbare vorm weergee nie.

Daar was 'n omvattende minderheidsrapport wat bogenoemde in diepte aangetoon het, maar dit het

geen aandag op die sinode gekry nie. Omtrent twee derde van die afgevaardigdes het ten gunste van die omdigting gestem.

'n Mens kan bespiegel oor die waarom. Uit die besprekings het oorwegings soos die volgende na vore gekom: Ons moet die jeug trek en behou met vir hulle aanvaarbare liedere en wysies. Ons moet nie "onnodige" verskille met die ander Afrikaanse kerke hê nie. Die Totius-beryming is nie meer bruikbaar nie. En die talle deskundiges wat die Cloete-omdigting geëvalueer het, ongeag uit watter kerk hulle kom, was tog deskundig en het integriteit gehad? Hulle moet vertrou word. 'n Toetsingsproses soos waaroor vorige sinodes besluit het, is nie nodig gevind nie.

Dit alles kom neer op 'n redenering vanuit die praktyk na die Skrif, soos prof Jordaan aangedui het.

VROU-IN-AMP

Hierdie manier om die Skrif te gebruik, was nog duideliker ten opsigte van die besluitneming rondom die vrou in die diakenamp. Die rapport van die deputate het verskeie minderheidstandpunte ingesluit, nie net ten opsigte van die vrou as diaken of nie, maar ook ten opsigte van die vrou as ouderling en predikant (soos in die NG- en NH-kerke).

Ook die sinode se kommissieverslag wat die deputate se rapport namens die sinode bestudeer en beoordeel het, het met verskeie meerderheid- en minderheidstandpunte gekom. Dit was alles nogal verwarrend, mede omdat die teen die tyd dat die kommissie se verslag gereed was en aan sinodegangers uitgedeel is, die sinode in tydnood begin raak het en rustige voorbereiding en besinning al moeiliker geword het. Intussen was dit duidelik dat heelwat emosionele invloede rasionale besluitneming sou beïnvloed, onder meer deur 'n video waar vroue vertel van hul "inwendige roeping" om in die amp te dien en wat deur die vorige sinodebesluite onmoontlik gemaak is, radiopraatjies, artikels in die sekulêre pers, en selfs 'n emosionele vrou wat die sinode toegespreek en die sinodesaal huilend verlaat het.

'n Mens kan nou baie sê oor die kerkregtelike manier waarop dinge gebeur het, maar dit was net simptome van 'n dieper probleem - verkeerde Skrifgebruik. Genoeg om te sê dat die deputate hul opdrag oorskry het deur voorstelle te maak oor vroue in die amp, dat hulle vorige sinodebesluite hieroor geïgnoreer het, en dat hul motiverings uit die Skrif om die minste te sê dunnetjies was. Wat klaarblyklik die deurslag gegee het, was dat niemand kan "bewys" dat daar nie in die Nuwe Testament vroulike diakens was nie (Fébé in Rom 16:1,2 was dalk wel). Daar is dus geen klinkklare bewys dat dit verbied is nie, dus mag dit wel toegelaat word, is geredeneer.

Dat daarmee nie genoeg Skrif-met-Skrif vergelyk is nie, 'n goue hermeneutiese reël, dat daarmee 'n paar duisend jaar se kerkgeskiedenis geïgnoreer is, dat 'n korresponderende kerkverbande soos die Christelik-Gereformeerde Kerke in Nederland se uitspraak daaroor en talle Skrifstudies uit betroubare gereformeerde (en ook ander) afkoms alles eenkant geskuif is, het blykbaar geen rol gespeel in die besluitneming nie. Ook nie verskeie waarskuwings van buitelandse kerke se verteenwoordigers tydens die sinode nie.

Waarom nie? Ook hier moet 'n mens bespiegel. Waarskynlik omdat die ander Afrikaanse kerke wel vroulike diakens het? Omdat daar 'n groot gebrek aan bekwame ampsdraers in gemeentes is? Omdat die druk van die wêreld sy invloed laat geld het? En omdat die emosionele druk van (sekere) vroue ook sy tol geëis het? Dus weer: vanaf die praktyk is na die Skrif geredeneer.

Daarby kom dat die sinode opdrag aan nuwe deputate gegee het om met voorstelle oor die vrou in die ander ampte te kom op die volgende sinode. En volgens die tendense wat op die afgelope sinode (en in talle ander kerke wêreldwyd) duidelik geword het, is die moontlikheid menslikerwys gesproke goed dat oor drie jaar vroue ook ouderlinge en predikante sal kan word.

WAT NOU?

Wat nou Doppers? Die valse leer is geyk. Die teerling is gewerp. Vir diegene wat dit raaksien en as sodanig erken, is die besluite onaanvaarbaar. Die GK Die Kandelaar is een van die kerke wat dit met 'n kanselafkondiging so uitgespreek het. Die kerklike weg sal gevolg moet word, nie in die eerste plek omdat die kerkorde dit voorskryf nie, maar omdat die liefde vir God se kerk hier op aarde dit vereis. Broeders en susters wat op die verkeerde pad beland het, moet gehelp, vermaan, reggehelp word, want hul pad is die breë pad ten dode. Hulle moet die geleentheid kry om hul sonde in te sien en hulle daarvan te bekeer.

Maar as hierdie manier van Skrifgebruik in die GKSA steeds erken gaan bly, mag geen kerk of individu gemeenskap met die GKSA bly beoefen nie. Dit is die beginsel. Hoe lank die kerklike weg nog gaan vereis dat gepoog moet word om die GKSA van sy verkeerde weë terug te roep, en wat hierdie kerklike weg alles behels, is 'n ander vraag en 'n ander artikel. ¤

NUWE MANIERE VAN SKRIFGEBRUIK?

- Prof Jordaan se kommentaar na aanleiding van die GKSA-sinode



TEMA: GKSA-SINODE

Prof. GJC Jordaan het pas uitgetree as redakteur van Die Kerkblad, die blad van die GKSA. In sy laaste bydrae (29 Januarie 2003) het hy 'n paar interessante waarnemings gedoen in verband met – wat hy noem – "nuwe maniere van Skrifgebruik" in die GKSA. Met uitsondering van die inleiding, haal ons prof Jordaan se artikel in sy geheel aan.

"Vir 'n hele aantal jare word daar al gespeel met die gedagte van groeperinge in die GKSA. Verskeie skrywers, ook in *Die Kerkblad*, het al na sulke groeperinge verwys. Teen hierdie agtergrond het prof. Amie van Wyk – die nuwe aangewese *Kerkblad*-redakteur– in die eerste uitgawe van *Die Kerkblad* vanjaar 'n baie interessante artikel geskrywe oor groeperinge wat in die kerk bestaan sonder dat daar verdeeldheid kom.

Miskien was die afgelope Sinode 'n aanduiding dat dit miskien oordrewe is om van duidelik omlynde groepe in die GKSA te verwys. Daarvoor was daar te veel wisseling in hoe afgevaardigdes oor sake standpunt ingeneem het. Ons vertrekpunt in die GKSA is dus eenheid en nie versplintering in allerlei groepe wat gevorm word nie. Die gevaar van groepvorming in die kerk is natuurlik altyd daar en moet sover moontlik teengewerk word. Daarom moet enige verskynsel wat die eenheid in die kerk kan versteur, met erns die hoof gebied word.

Wat wel op die afgelope Sinode in hierdie verband kommerwekkend was, was dat dit tog gelyk het of daar twee verskillende maniere van Skrifhantering na vore gekom het – 'n verskynsel wat op die lang duur die eenheid van die GKSA kan bedreig.

Die eenheid van die GKSA is geleë in die feit dat al die kerke wat tot een kerkverband saamgevoeg is, hulle eenheid in Skrif, Belydenis en Kerkorde vind. Besluite wat die kerke neem, ook waar hulle saam in sinode is – soos nou weer in 2003 – word bo alles in die Skrif gegrond. Daarom is die vraag na Skrifberoep (begronding in die Bybel) altyd 'n belangrike vraag by alle besluitneming.

VERHOUDING SKRIF EN PRAKTYK

Uit die debatte wat op die Sinode gevoer is, wil dit egter voorkom dat daar in die GKSA twee verskillende maniere van Skrifberoep bestaan. Hoewel almal hulle op die Bybel beroep, word die Bybel op verskillende maniere hanteer. In breë trekke lyk dit of hierdie verskillende maniere saamhang met die vraag na die verhouding tussen Skrif en praktyk.

Een manier van Skrifberoep is om vanuit die Skrif na die praktyk toe te redeneer. Dit is die ou, gevestigde manier van Skrifberoep in die gereformeerde wêreld. Die sake waaroor besluit moet word, word dikwels deur praktiese omstandighede bepaal, maar in die besluitneming word dan die *sola Scriptura*-vraag gevra: "Watter lig gee die Bybel?" In die lig van wat die Skrif leer, word dan besluite oor die praktyk geneem.

Die ander manier van Skrifberoep is om vanuit die praktyk na die Skrif toe te redeneer. In hierdie benadering word ook gevra na wat die Bybel leer, maar dan word dit opgeweeg teen die eise van die praktyk. Binne hierdie benadering is dit dan geldig om saam met die Skrifstudie ook te vra na wat die mense wil hê.

Dit lei tot vrae soos: Hoeveel vroue is daar wat te kenne gegee het dat hulle graag in die besondere ampte wil dien? Hoeveel gemeentes is daar wat alreeds die Nagmaal met kelkies vier? Hoeveel gemeentes is daar wat alreeds vrye liedere in hulle eredienste sing?

Dit is wel in orde om die situasie in die praktyk in ag te neem. Kerklike besluite kan nie in die lug hang nie. Maar wanneer die situasie in die praktyk die vertrekpunt word wat ook die Skrifgegewens in 'n ander lig moet stel, dan word 'n nuwe pad opgegaan. Sinode 2003 is nou afgehandel en die besluite wat geneem is, staan (art. 31 KO), maar dit onthef die kerke nie van die roeping om te besin oor die vraag of ons in ons besluitneming op die regte wyse met die Skrif omgaan nie. In hierdie verband is dit insiggewend om kennis te neem van wat elders in die gereformeerde wêreld gebeur het.

In 1990 het prof. HJB Combrink in die *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif* (31(4):509-519) opgemerk dat die verandering in die NG Kerk se standpunt oor die vrou en die besondere ampte op "verskuiwinge ten opsigte van Skrifgebruik en Skrifbeskouing dui". In Apeldoorn verlede jaar het die doktorale proefskrif van dr. Koen Lim, getitel "Het spoor van de vrou in het ambt", dieselfde verskuiwing in Skrifgebruik by die Nederlandse kerke blootgelê.

Dr Lim toon aan dat die hermeneutiek wat in 1965/66 deur die Gereformeerde Kerken in Nederland gebruik is om vroue tot die amp toe te laat, in wese die Skrif as

tydgebonde hanteer het. Destyds al het die bekende prof. HN Ridderbos gewaarsku dat in die Skrifberoep waarop die vrou in die amp toegelaat word "'n nuwe vorm van Skrifuitleg funksioneer". Dr Lim dui in sy proefskrif aan dat hierdie "nuwe vorm van Skrifuitleg" later in 1979 uitgeloop het op 'n veranderde Skrifbeskouing wat een van die hoofoorsake was waarom die GKSA daarna bande met die GKN beëindig het.

Die verloop van die onlangse geskiedenis van kerke binne die gereformeerde dampkring behoort dan as waarskuwing te dien dat die GKSA nie ewe houtgerus agteroor mag sit asof ons dan gearriveerd-gereformeerd is nie. As ons nie wakker is nie, kan nuwe maniere van Skrifgebruik ongemerk by ons binnekom wat die GKSA onwetend 'n nuwe koers laat inslaan en wat ons by 'n bestemming uitbring waarheen ons nie aanvanklik op pad was nie.

EKUMENIESE IMPLIKASIES

As die GKSA 'n nuwe koers sou inslaan, sal dit besliste ekumeniese implikasies vir ons hê. Die nuwe koers mag ons dalk nader aan die *Nederduits Gereformeerde Kerk* hier in Suid-Afrika, die *Christian Reformed Churches in North America* en selfs die *Gereformeerde Kerken in Nederland* bring.

Maar terselfdertyd is dit 'n koers wat die GKSA verder laat wegbeweeg van 'n beduidende deel van die Gereformeerde wêreld, soos die *Reformed Church of New Zealand*, die *United Reformed Church of North America*, die *Christelijke Gereformeerde Kerken* en die *Gereformeerde Kerken (Vrijgemaakt)* in Nederland.

Dat gereformeerdes met wie ons in korrespondensie is, die gevare van 'n koersverandering by die GKSA raaksien, het by die Sinode self aan die lig gekom. Rev. John Rodgers, verteenwoordiger van die *Reformed Church of New Zealand*, het aan die einde van die Sinode juis die vrees uitgespreek dat Sinode 2003 se besluit insake vroue in die amp die bande tussen die Nieu-Seelandse Gereformeerde Kerke en die GKSA in gedrang gaan bring. Ook Rev. Sikkema, afgevaardigde van die *United Reformed Church of North America*, het aangedui dat die pogings om bande met die GKSA aan te gaan, met hierdie Sinode 'n ernstige knou ontvang het.

Dit mag dan blyk dat die GKSA met Sinode 2003 'n pad betree het wat hom wel nader laat beweeg aan 'n ander deel van die gereformeerde wêreld as dié met wie ons nog tot dusver bande gehad het. As dit wel die geval is, dan beteken dit 'n drastiese koersverandering van die GKSA."

Hierdie artikel is oorgeneem uit die Kerkblad van die Gereformeerde Kerke. ¤

FOLMER BOEKHANDEL

19e Laan 283, Villieria
Pretoria, 0186, Suid-Afrika

Tel 012 329 0031
Faks012 329 5927

HENK VAN DAM: Uw kind op de digitale snelweg
In hierdie boek gee die skrywer kortliks meer insig in die wêreld van kommunikasie; Wat is die moontlikhede en wat is die gevare. Wat bied internet en wat doen die kinders op die net? Kan ek die moontlikhede beperk? Watter invloed het die geweldadige speletjies op die rekenaar? My kind wil 'n selfoon – moet ek dit vir hom gee? Die skrywer, 'n pa van vier kinders en werksaam in die opvoedkundige sektor, gee praktiese advies.
Prys R92,90, 87 bl

Prof L Floor het in 1983 'n boek geskryf oor 'die Heilige Doop in die Nuwe Testament'. Hierdie boek is nog steeds van groot belang vir die wat meer wil weet oor:
Rituele reinigings in die OT, die proselietedoop, die doop van Johannes die Doper, die besnydenis, die kinderbesnydenis, die koninkryk van God en die doop (die doopbevel van Christus, die doop-opdrag by Markus), die doop in die Handelinge van die Apostels (Pinkster en doop, die huisdoop), die doop in die briewe van Paulus, in die brief aan die Hebreeërs, in die eerste brief van Petrus, en 'n pragtige gedeelte oor die kinderdoop.
Prys R25 – 131 bl

'Everything in Christ' deur Rev Clarence Stam ...is a book which in outline form intends to explain the christian faith, as summarized in the 27 articles of the Belgix Confession, written by Guido de Brès, in 1561.
Prys R65, 152 bl

cd 19205 – IN NAAM VAN ORANJE – is 'n lekker saamsing, saamfluit cd met bekende geestelike en vaderlandse liedere (Piet Hein- Ferme jongens, stoere knapen – O God die droeg ons voorgeslacht – Komt nu met zang en vele meer. R115

GKSA-SINODE 2003: BELANGRIKSTE BESLUITE

Rob van der Kooy



TEMA: GKSA-SINODE

Met 'n totale agenda van meer as 700 bladsye, wat 107 sake ter behandeling bevat, insluitende 41 rapporte, 9 appèlle, 29 beswaarskrifte en 28 beskrywingspunte, het die sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) meer as 200 bladsye se kommissierapporte geproduseer, om te eindig met 'n notule van ongeveer 60 bladsye, en sy werk oor die beplande tien baie vol werksdae afgehandel. Dit is nie moontlik om sommer gou-gou alle besluite op te som en weer te gee nie. Daarom word hier 'n opsomming en samevatting van die mees revelante besluite gegee.

1. 'n Uitvoerige beswaarskrif van 16 bladsye teen die goedkeuring van die 1983-Bybelvertaling vir kerklike gebruik, gebaseer op die afwys van Die Kandelaar se beswaarskrif van 1988 in 1991, is onontvanklik verklaar omdat daar glo niks nuuts na vore gebring word nie. Die kerklike reël is dat dieselfde saak nie sonder goeie grond weer behandel kan word nie (art 46 KO).
2. 'n Beswaar teen die PU vir CHO se eredoktorsgraad aan biskop Desmond Tutu is byna aanvaar, maar uiteindelik afgewys omdat dit nie 'n kerklike saak sou wees nie.
3. 'n Verklaring oor die MIV/Vigs pandemie waarin gestel word dat onthouding en die monogame huwelik die Bybelse manier is om hierdie pandemie te bestry, is aanvaar.
4. Die Gereformeerde Skool Dirk Postma (GSDP) is met akklamasie gelukgewens met sy goeie (eerste) matriekuitslae.
5. 'n Uitvoerige verslag van die deputate vir Christelike onderwys is, met 'n aantal mindere wysigings, aanvaar. Daarin word onder meer gepleit vir onafhanklike gereformeerde skole (een per klassis), daar is sterk uitsprake teen antichristelike tendense in staatskole, kompleet met 'n uitvoerige persverklaring teen die evolusieleer wat in staatskole afgedwing word, en gelukwense aan ARSO vir die werk wat hy doen.
6. 'n Goeie en mooi verslag van deputate oor die verhouding tussen die OT sabbat en die Sondag is met enkele wysigings aanvaar.
7. 'n Beswaarskrif teen 'n deel van artikel 15 van die NGB (as sou die erfsonde deur die doop geheel en al tot niet gemaak of volkome uitgeroei word) word afgewys.
8. Ook word 'n beswaarskrif teen 'n deel van artikel 24 van die NGB oor geloof en wedergeboorte ("...dat die geloof hom wedergebore laat word...") afgewys.
9. So ook beswaarskrifte teen verskeie artikels van die KO, soos artikel 69.
10. 'n Voorstel om die Tussenkerklike Kommissie (tussen die NG-, NH-kerke en die GKSA) te vervang deur 'n tussenkerklike raad, met meer funksies en bevoegdhede, word sonder bespreking aanvaar omdat dit 'n "vaster kerkregtelike verankering van die samelewing tussen die deelnemende kerkgemeenskappe" sal wees as ekumeniese liggaam.
11. 'n Langdurige stryd tussen die GKSA se prof MA Kruger oor Romeine 6, waarby prof Kruger beweer dat God ook mense buite die geloof in Christus kan salig maak, word bygelê. Hy mag sy standpunt nie "propagandisties" verkondig nie.
12. Ds Momberg se beswaarskrif oor die Messiaanse verkondiging in die OT, naamlik dat dit nie 'n kwessie van interpretasie is nie, maar dat die Heilige Gees dit reeds deur geïnspireerde skrywers in die OT ingelê het, word op 'n halwe van drie beswaargronde 'n klein bietjie gelyk gegee. Die besluite word egter met so 'n motivering geneem dat alle dubbelsinnigheid van die sinode-uitspraak hieroor in 1991 uit die weg geruim word, tot tevredenheid van ds Momberg. Die sinode besluit ook om die motiverings van die kommissie vir sy rekening te neem as getuienis van die eenheid van die Skrif en die Messiaanse verkondiging van die OT.
13. Ten opsigte van die binnelandse ekumene moet alle gesprekke van die betrokke deputate om kerklike eenheid te bevorder, dus met die NG-, NH- en AP-kerke voortgaan, ook wat betref die konvent van 15 reformatoriese kerke en met die Gereformeerde sinodes Soutpansberg en Middellande.
14. Ook sal saam met die NG-, NH- en AP-kerke aan 'n interkerklike gereformeerde moniteringskomitee wat die owerhede se beleid monitor insake kerklike sake, deelgeneem word.
15. 'n Alternatiewe Nagmaalsformulier gaan opgestel word waarin groter klem op die gemeenskap met die lewende Christus aan sy tafel gelê sal word.
16. Opleiding van predikante in 'n derdewêreld-omgewing word moontlik gemaak by goedgekeurde instellings, dus nie meer net by die Teologiese Skool van Potchefstroom nie.
17. Al vir baie jare is daar misverstand van die betekenis oor die woorde, "descendit ad inferna" (neergedaal na die hel) in die belydenisgeskrifte. Want Christus het nie tot 'n plek, die hel, afgedaal nie. Dit sal as volg verander word: In die Apostolicum: "Hy het die angste van die hel –

tot in die dood toe - ondergaan." En die Athanasium: "Wat ter wille van ons saligheid gely het, en so die angste van die hel, tot in die dood toe, ondergaan het..."

18. 'n Beswaarskrif vanuit Louis Trichardt, ingehandig onder andere deur prof BCW van der Waal, teen 'n besluit van die sinode van 1910, dat Gereformeerdes geen "bidure" behoort te hou nie, word verwerp omdat die beswaardes die besluit van 1910 blykbaar nie goed verstaan het nie. Die uitspraak in 1910 het dit nie teen gebedsbyeenkomste as sulks nie, maar teen die "Metodistiese" inslag van sulke byeenkomste.
19. Daar is ernstige probleme met die eerbare versorging van emeriti, veral van diegene wat om gesondheidsredes vervroeg moes emeriteer, insluitende hul mediese koste. 'n Hele aantal beswaar- en beskrywingspunte het daarop gewys dat die PGT van baie predikante te laag is. Die wyse waarop die betrokke fondse bestuur word asook die reglemente daaroor is gebrekkig en onduidelik, en die kommunikasie met geëmeriteerdes laat ook veel te wense oor. Daar word besluit om aandag aan al hierdie sake te gee, die ondersteuningsfonds daadwerklik uit te bou vir diegene wat onder artikel 13 KO val, en om die bestuur, verbruiksvriendelikheid en deursigtigheid van die fondse te verbeter.
20. Op verskeie maniere sal die administratiewe en rekeningkundige beheer en bestuur van die GKSA se finansies (en van die Administratiewe Buro) opgeknap word, onder meer deur die betrekking van kundiger mense, die rapportering aan partikuliere sinodes en klasses, die hersiening van reglemente en mandate, die implementering van die relevante dele van die King-kommissie se aanbevelings, en die publikasie van beter finansiële jaarstate.
21. Kommer word uitgespreek dat die PU vir CHO sy Christelike karakter (en naam) kan verloor deur die geforseerde samesmelting met verskeie ander instansies soos die Noordwes Universiteit, Sebokeng en die POK.
22. Die sinode neem met dank kennis van al die jeugkampe, treintoer en seminaar vir en oor die jeug.
23. Deputate moet sorg vir katkisasie-handleidings, asook 'n handleiding oor Bybelse geskiedenis. Kennis word geneem daarvan dat laasgenoemde reeds by die GSDP bestaan.

24. Verskeie beswaarskrifte teen 'n besluit van die sinode van 2000 oor nagmaalviering ten opsigte van die gebruik van kelkies, slaag, spesifiek die sin: "Indien kerke om gewigtige redes van gemeenskaplike drinkbekers afwyk, moet dit met verantwoording uit die Skrif gedoen word" is uit die besluit geskrap. Na verskeie pogings om 'n alternatiewe formulering te vind, en die tyd uitgeloop het, is besluit om die besluit na die skrapping van die gewraakte sin, net so te laat staan. Streng gesproke impliseer dit dat kelkies "uit" is, maar meer as 'n honderd kerke gebruik dit al, en verskeie sprekers het te kenne gegee dat ongeag wat besluit word, die gebruik nie meer gekeer kan word nie.
25. Vroue met die nodige gawes kan in die amp van diaken verkies en bevestig word ondanks die onsekerheid van Skrifgegewens of voorbeelde wat dit sou toelaat of weier. Die moontlikheid dat vroue ook tot die ander ampte toegelaat kan word, word na studiedeputate verwys.
26. Die Psalm-omdigting van 2001 (hoofsaaklik deur TT Cloete) sal langs die Totius-beryming in een bundel uitgegee word en word vir gebruik in die eredienste aanbeveel, onderhewig aan die besluite van die plaaslike kerkraad. Daar word gehoop dat die nuwe bundel, wat

bekend sal staan as die Psalmboek, teen einde Oktober beskikbaar sal wees. Beide die Totius-beryming en die Cloete-omdigting sal voetnotas kry om aan te dui waar sprake is van 'n heenwysing na die Messias. 'n Minderheidsrapport van byna twaalf bladsye wat aantoon dat die omdigting onordelik op die sinodetafel gekom het, nie volgens sinodebesluite beoordeel is nie, en dit in wesenlike opsigte van die Gereformeerde Skrifbeskouing afwyk, is grootliks geïgnoreer en verwerp.

27. 'n Aantal "Skrifberymings" uit die NG- en NH-liedboek (liedere 202, 235, 306, 319, 324, 327, 341, 359, 367, 468, 489 en 516) word goedgekeur en sal in die nuwe Psalmboek oorgeneem word, asook 'n beryming van ds JP Bingle van Ef. 3:14-21, 'n beryming deur wyle dr AGS Venter, en die toonsetting deur prof Henk Temmingh van die Apostoliese Geloofsbelydenis (wat ons al jare sing). Die toevoeging van verdere gesange in die Psalmboek word in die vooruitsig gestel.
28. Ook word besluit dat die huidige Psalmboek (vyfde druk) ooreenkomstig die aanvraag beskikbaar sal bly.
29. Daarby sal voortgegaan word met die Buys-hersiening van die Totius-beryming, sonder dat besluit is wat daarmee gedoen sal word.
30. Al die liturgiese en ondertekeningsformuliere, die formuliergebede en die belydenisgeskrifte agter in die Psalmboek gaan hervertaal word.
31. Korrespondensie met die Christian Reformed Churches of North America word op "nonaktiwiteit" geplaas in die lig van aangetoonde vrysinnighede in daardie kerke. In ruil daarvoor word korrespondensie met die kerke wat van daardie kerkverband weggebreek het, die

United Christian Reformed Churches, in die vooruitsig gestel. Maar dit was reeds op die sinode duidelik dat dit nie sal gebeur as die GKSA vroue as diakens toelaat nie.

32. Ten opsigte van die Gereformeerde Kerke in Nederland (vrijgemaaktes) word besluit dat daardie kerke se gronde en motiewe asook hul begrip van ekumeniese eenheid (korrespondensie) en die voorwaardes en verwagtings daaraan verbonde, beoordeel moet word. Hierdie kerke het 'n paar maande gelede besluit om aantygings van Skrifkritiek in die GKSA eers te ondersoek voordat hulle verder oor korrespondensie met die GKSA besluit. Dit geld ook ten opsigte van gesprekke oor ekumeniese eenheid met die VGKSA.

Artikel oorgeneem uit Kerk en Woord ¤



DIE SOSIO-HISTORIESE UITLEG VAN DIE SKRIF

'n Nuwe metodiek, ook in Suid-Afrika

Ds P Nel

TEMA: GKSA-SINODE

In die Sosio-Historiese benadering (SHb) tref ons 'n redelike onlangse metode in die proses van Skrif-uitleg aan. So nuut is dit dat baie mense nog nie van die benadering gehoor het nie, vandaar die artikel. Tog speel die metode reeds 'n bepalende rol in die nuwe eksegetiese metodiek van Suid-Afrikaanse kerke. Die effek daarvan is te sien in resente werke soos die Bybel in Praktyk, die Liedboek van die Kerk en die Bybellenium en het reeds sy tol geëis by die onlangse GKSA sinode.

Voorstanders van die metode, in ons eie land, is onder andere professor Fika van Rensburg en dr Wim Vergeer. Hulle volg in die voetspore van geleerdes soos doktore Wayne Meeks, Bruce Malina en Abraham Malherbe. Die eksegete maak geen geheim daarvan dat hulle aanhangers van die sosio-historiese metode is nie. Tog is ek oortuig daarvan dat die metode wesenlik vyandig teen die gesag van die Skrif is.

VERBANNING VAN DIE GRAMMATIES-HISTORIESE BENADERING

Een van die kosbare erflatings van die Reformasie was die Grammaties-Historiese uitleg van die Skrif. "*Grammaties*" sê ons maak erns met die geskrewe boodskap. Dit sê dat die Woord van God, soos Hy dit aan ons "ingegee het" (2 Tim 3:16), op skrif is. Dit is heilige *Skrif* en dit is alles God se Woord, in geheel en in dele. Met die geskrewe taal moet daar in gereformeerde eksegese erns gemaak word. Dit vra biddende en nugtere verstaan van die verskillende grammatiese aspekte van die teks, soos die taal, literêre konteks, literatuurtipe, grammatika ens.

"*Histories*" sê weer dat die leser ook erns maak met al die aspekte van die tyd van die teks. Dinge soos die heilshistoriese plek, die kultuur van die tyd en die wêreldgeskiedenis waarin die teks sy gestalte gekry het, moet in ag geneem word ter wille van die beter verstaan daarvan. Tog is die uitvoerige kennis van die tale en 'n spesialisasie in die agtergrond van die Skrif nie bepalend vir die openbaring van God se wil daarin nie. God se Woord is in homself genoegsaam en word duidelik gemaak deur die Gees van God. Ook al lees 'n eenvoudige en ongeleerde dit êrens op 'n eiland in geloof, sal hy God se wil vir hom duidelik verstaan.

Nie lank na die Reformasie nie het die menslike rede homself egter verset teen die bonatuurlike en duidelike boodskap van die teks, soos dit grammaties-histories na ons kom. Dit was veral die histories-kritiese Skrifuitleg wat groot aanhang geniet het in die momentum van die opkoms van die Verligting, die Deïsme en die wetenskaplike suksesse van die Westerse mens. Die SHb is 'n kind van dié ongelowige en rasioneel-kritiese kyk op die Skrif. Dit is gebore uit 'n onwettige huwelik, dié tussen "pa HK" (Histories-kritiese metode) en "ma Sb" (Sosiologiese Benadering), wat ons hieronder van nader sal leer ken. Dit is dus belangrik om die kleinkind se stamboom terugwaarts te lees, sodat ons sy streke goed kan verstaan. In der waarheid is daar 'n hele paar kinders in die SHb-gesin, sodat prof. van Rensburg kan praat van 'n meer en minder "suiwer SHb"[1] en prof. Craffert van 'n "SHb^{a}" en 'n "SHb^{b}"[2]! Ons moet dus goed raaksien dat nie elke aanhanger van die SHb *presies* dieselfde fynskrif aanhang nie. Ook nie almal wil ewe aggressief die gesag van die Skrif verwater nie, al gebeur dit ongelukkig deurgaans.

AGTERGROND VAN DIE DUBBELDOOR NAAM 'SOSIO-HISTORIES'

Soos die naam sê het die metode veral 'n sosiologiese en 'n historiese fokus. Die SHb wil erns maak met beide die sosiologiese en die historiese aspekte van die teks. Soos ons gesien het is die SHb se twee ouers vernoem in sy naam, naamlik die "sosiologiese"

[1] Skrif en Kerk, 2000, p. 569.

[2] Neotestamentica. 25(1), 1991, p. 132.

en die "historiese" benadering. Die aandeel van elke metode in die benadering varieer. Daar is sekerlik selfs eksegete wat wil beweer dat hulle met "histories" net na die agtergrond van die teks wys en niks met die Histories (-Kritiese) kyk daarop te doen wil hê nie. Ons sal egter sien dat dit net 'n woordespel is. Die nuwe kombinasie sal beter begryp word wanneer ons raaksien watter oortuiginge elkeen van die afsonderlike metodes of benaderings verteenwoordig het. Dit was nie net 'n onwettige huwelik nie, dit was ook aanvanklik een van oppervlakkige vyandskap! Die twee kon mekaar nie verdra aan die begin nie, al het beide dieselfde uitgangspunt, naamlik die eie insig ('insigese') in plaas van eksegese. Die Sosiologiese Benadering (SB) was gelanseer as 'n teenreaksie teen die Histories Kritiese (HK) benadering.[3] Tog kombineer hulle in die SHb.

DIE HISTORIES-KRITIESE METODE (HK)

Met die HK benadering is geglo dat die geskiedenis sy eie 'persoonlikheid' het en as 't ware selfstandig ontwikkel. Daar is geglo dat ook die geloof van die ontwakende mensdom 'n ontwikkeling deurgemaak het. Daar is gepoog om vas te stel hoe en waarom sekere gebeure die gang van die geskiedenis verander het. Die HK benadering het op hierdie manier God se werk in die geskiedenis ontken. Dit het die ontwikkeling van die mensdom toegeskryf aan gewoon historiese gebeure los van die wyse beheer van die Here self. Daar was geen onveranderlike Godgegewe openbarings en norme nie. Dit was dus nie God se voorsienigheid wat die geskiedenis stuur nie. Hy het nie, byvoorbeeld deur wonders, van buite op die geskiedenis ingewerk het nie. Bonatuurlike gebeure, soos die opstanding en maagdelike geboorte is as bygeloof (onkunde) beskou en is verklaar aan die hand van die rustelose menslike soeke na die rede vir onverklaarbare dinge. Om die Bybel histories korrek te lees, moes mens krities kyk na alle onmeetlike dinge daarin en dit ook buite berekening laat in die soeke na die "konkrete waarheid daaragter".

Uiteraard is die mag en grootheid van die HERE en dus byna alles waarvoor die Skrif staan buite rekening gelaat. Daar is byvoorbeeld onderskei tussen geskiedenis en heilsgeskiedenis. Heilsgeskiedenis is die heil (die goddelike) wat die skrywer in die gebeure *in*gelees het as gevolg van sy eie (by)geloof. Die gebeure by Rooi See was opgehemel van gewone insident na wondergebeure. Daar is gesoek na dit wat die Bybel nie wil sê nie! Dit is soos om in 'n leeuhok te soek na 'n lammetjie.

Historiese ontwikkeling het beteken dat die mensdom geen geestelik-ingeboude onveranderlikes in homself besit nie. Sy geloof, sy waardes, die feit dat hy God se beelddraer is en die werk van die Heilige Gees was alles veranderlikes. Daar is geglo dat die mens algaande "ontwikkel" het na 'n beter mens.

SOSIOLOGIESE BENADERING (SB)

Die HK skrifuitleg het jare lank gedomineer, maar op dié kliniese manier van omgang met die Bybel moes daar reaksie gekom. Die verwoestende effek daarvan is te siene in die leë kerke in Europa en die Weste. Die ruïnes van die tweede wêreldoorlog en die kerke, het die vertroue in die wetenskap in sy fondasies gekraak. Verskeie nuwe benaderings is sedertdien as alternatiewe opgerig. Hulle is, al is hulle reaksionêr teen die historiese benadering gerig, tog ook uit dieselfde stal as die historiese benadering. Hulle maak deurgaans staat op die menslike rede as sleutel tot die verstaan van die Bybel. Hulle verwerp, openlik of subtiel, die gedagte dat God Hom historiese betroubaar openbaar vanuit sy Woord aan wie Hy wil (Matt 11:26; 1 Kor 2:11 ens).

Die SB benadering was een van hierdie nuwe metodes. Eerder as die HK se soeke na progressiewe verandering, word daar met die SB na sosiale konstantes gesoek. Omdat die mens mens is tree hy in elke era, tog agter alles, dieselfde op. Agter die veranderlikes van tyd is daar nou gesoek na die tipies menslike gedragskodes en sosiale kodes, soos in die teks verskans. In elke generasie word sekere geykte rolle en waardes geëien, soos wat dit reflekteer in die komende en voorafgaande geslagte. In elke tydvak moet dieselfde tipes en tipiese, miskien wel in ander monderings, na vore kom. Die Nuwe-Testamentiese kerk en sy optrede is byvoorbeeld 'n tipe van oud Israel in die Ou-Testament. Dit is godsdienstige groepe, elk met sy eie waardesisteem en geloof, en tog ook spieëlbeelde van mekaar. In die rebelle van vandag is die profete van ouds te sien. Hulle konfronteer die status quo en beding vir die arme en onderdrukte. Opstand teen sosiale ongeregtigheid van die vorige gemeenskappe is herleef in dié van vandag.

Die geskiedenis as bepalende faktor in die HK is dus nou ter wille van die sosiologiese patrone opsy geskuif. Die fokus was nie meer op wat gebeure onderskei nie maar eerder op wat daarin ooreenkom. Daar is gesoek na die tipiese en algemene in elke gemeenskap en vergelykings is daartussen getref om die "konstantes" te vind. Ons moet egter mooi sien dat die HK se siening van die geskiedenis as fases steeds gehandhaaf was. Al was Israel en die Nuwe-Testamentiese kerk te vergelyk was hulle nie die een gemeente van God in die ou en nuwe verbond nie. Hoogstens het die tipes gemeenskappe sosiale en religieuse ooreenkomste getoon.

Om volgens die SB 'n gedeelte dus reg te verstaan moes twee dinge gebeur. Die mens van sy tyd moes verstaan word in sy tyd en daarvoor moes 'n sosiale rekonstruksie van destyds se sosiale samestelling gemaak word. Maar hoe weet ons hoe al die besondere aspekte van die samelewing gelyk het? Om 'n model van toe te kan rekonstrueer, moet mens met 'n model vanuit vandag se konsepte as vertrekpunt werk. Die leser moet hom dus in die atmosfeer

SKEMA: DIE HERMENEUTIESE EN HISTORIESE ORIËNTASIE VAN DIE SOSIO-HISTORIESE BENADERING



Grammaties Historiese siening t.o.v. verhouding tussen die Bybel en sy agtergrond

Sosio-Historiese siening t.o.v. verhouding tussen die Bybel en sy agtergrond

van toentertyd "inleef" via sy eie sosiale ervaringe van die milieu van vandag. Soos Meeks dit stel: "As ons nie hulle wêreld sien nie, kan ons nie daarop aanspraak maak dat ons die vroeë Christendom verstaan nie"[4] Miskien klink die stelling onskuldig, maar onthou dat dit beteken dat ons ook die Nuwe Testament se skrywers nie kan verstaan nie. Onthou ook dat die aanhangers van die SB telkens verklaar dat dit hulle eie onbetroubare rekonstruksie is. Met ander woorde, niks is meer seker nie!

Ons moet ook raaksien dat die HK en SB in wese dieselfde is. In beide is God se Gees uit die prentjie gelaat en die menslike rede word die bepalende faktor. Ons sien dat 'n bepaalde eie teorie en tydsgees die twee metodes stuur en nie die geloofsbeskouing van die Skrif nie. Toe die korporatiewe gees van die Weste in die rede en wetenskap geglo het, moes die Skrif met dié bril gelees word en toe die mensdom terugtrek in sy eie na-oorlogse sosiale nood, moes die Bybel weer dienooreenkomstig gelees word. Waar die Heilige Skrif openbaar dat God met ons op pad is in die geskiedenis volgens sy onveranderlike raad (Hebr. 7:16) word by die HK en SB geglo dat waarheid in die mens self lê.

In 'n tweede artikel, wat DV volgende maand sal verskyn, sal ds Nel meer spesifiek die invloed van die sosio-historiese benadering in Suid-Afrika bespreek. ¤

[3] Bray, p. 511.
[4] Craffert, Neotestamentica, 25(1), 1991, p. 123.

(HOE) OM ’n VRYE GEREFORMEERDE KERK TE PLANT

Dr Arjan de Visser

EVANGELISASIE

’n Artikel in Clarion, tydskrif van die Canadian Reformed Churches, het my op die spoor gebring van ’n inspirerende boekie oor kerkplanting. Die titel van die boekie is ‘Planting an Orthodox Presbyterian Church’ en dit is uitgegee deur die deputate vir kerkplanting van die OPC.

Die Orthodox Presbyterian Church (OPC) is een van die lidkerke van die Internasionale Konferensie vir Gereformeerde Kerke (IKGK). Daar bestaan goeie bande tussen die OPC en die Canadian Reformed Churches, maar kerklike eenheid word nie in die vooruitsig gestel nie omdat die sisteme van kerkregering te veel verskil (die OPC is heeltemal gereformeerd in die leer, maar die sisteem van kerkregering is Presbiteriaans).

’n Opvallende kenmerk van die OPC is dat hierdie teologies-behoudende kerk baie aktief is op die terrein van evangelisasie en kerkplanting. Op verskeie plekke in die VSA en Kanada is daar evangelisasie-projekte aan die gang, en in sommige gevalle is predikante beroep met die spesifieke opdrag om nuwe gemeentes te plant. Hierdie predikante word *home missionaries* (tuisfront-sendelinge) genoem. Die benaming is gekies omdat die OPC ook sendelinge na die buiteland uitstuur, bv. na Uganda.

Die OPC het die afgelope jare heelwat ‘sukses’ behaal met hierdie kerkplanting-projekte. Daar het nuwe gemeentes ontstaan en elke jaar word daar ’n handvol nuwe projekte geïnisieer. Dit het gelei tot die behoefte aan ’n soort van handleiding vir kerkplanter-predikante en vir lede van evangelisasiekommissies. Die sekretaris-generaal van die deputate vir kerkplanting, ds. Ross W. Graham, het die boekie van 96 bladsye geskryf. Dit is goedgekeur deur die deputaatskap en dra dus die stempel van die OPC.

WAARDERING

Hoewel die handleiding in die eerste plek geskryf is vir gebruik in die OPC self, glo ek dat dit ook baie kan beteken vir kerkplanting in gereformeerde kerke, insluitend die Vrye Gereformeerde Kerke. Daar is twee redes hoekom ek dit sê.

In die eerste plek gee die boekie ’n goeie uiteensetting van Skriftuurlike beginsels vir kerkplanting. Wat mooi is, is dat die beginsels inderdaad regstreeks uit die Bybel aangehaal word. So word die kerkplanter-predikant met ’n verwysing na Joh. 10:14 aangespoor om ’n herder te wees, en word hy met ’n verwysing na Hand. 20:20 aangespoor om die mense in hulle huise te onderrig. Die kerkplanter-predikant word ook aangespoor om van die begin af baie aandag te gee aan die regte, Skriftuurlike leer.

In die tweede plek is die OPC-handleiding die moeite werd omdat dit so baie Skriftuurlike en praktiese wysheid bevat. Die Bybel sê nie altyd vir ons hoe ons sending en evangelisasie prakties moet uitvoer nie. Dikwels moet ons maar die algemene beginsels as ’n vertrekpunt neem, en dit dan met wysheid verder uitwerk. In so ’n situasie is dit belangrik om te luister na die raad van ervare kerkplanters en evangeliste. Hierdie boekie het baie goeie raad, sowel vir die kerkplanter-predikante wat die praktiese werk doen, as vir die evangelisasiekommissies en kerkrade wat verantwoordelik is om projekte te bestuur.

Die metode wat die OPC gebruik vir kerkplanting is gewoonlik om te begin met ’n kerngroep (*core group*). Hoewel dit nie die enigste metode van kerkplanting is nie, glo die OPC dat “die aanwesigheid van ’n groep gelowiges op ’n sekere plek wat graag wil hê dat ’n nuwe gemeente gestig word en wat toegewy is om met hierdie proses te help, ’n teken is van God se aanwesigheid” (p. 18). As daar so ’n kerngroep is, word daar geadviseer om deur die volgende fases te gaan: (1) volg kontakte op, (2) belê ’n inligtingsvergadering, (3) vorm ’n Bybelstudie-groep, (4) hou ’n seminaar, (5) begin met die belê van Sondagaand eredienste. As die Here die projek seën, sal daar ’n behoefte ontstaan vir ’n voltydse werker. Dan raak dit tyd om ’n kerkplanter-predikant te beroep om verder leiding te gee aan die projek.

VGK-KERKPLANTING?

Toe ek kennis neem van die OPC se aktiwiteite op die terrein van kerkplanting op die tuisfront, het ek begin wonder: Hoekom het ons as Vrye Gereformeerde Kerke nog nie regtig kerkplanting-projekte begin nie? Ja, ons het ons sending-projekte by Kaapstad en by Pretoria. Maar hoekom het ons nie kerkplanting-projekte onder Afrikaans- of Engelssprekendes in Suid-Afrika nie? Dit het miskien baie te doen met die immigrante-agtergrond van die VGKSA. Maar hoe lank kan ons dit nog as ‘n verskoning gebruik?

Miskien sal iemand noem dat ons tog onder verontrustes in ander kerke werk. Dit is waar, maar ons moet onthou dat werk onder verontrustes 'n beperkte fokus het. Dit is gerig op diegene wat reeds gelowiges is maar wat nie gelukkig is in die kerk waar hulle tans lidmate is nie. As ons egter praat van kerkplanting, is die visier veel wyer gestel: Dit beoog om veral diegene te bereik wat die Here Jesus Christus nie as hulle verlosser ken nie.

Myns insiens het die tyd gekom dat die Vrye Gereformeerde Kerke hulle fokus begin wyer stel. Sonder om verontrustes uit te sluit, behoort ons ten minste ook uit te reik na gesekulariseerdes, afgedwaaldes en ongelowiges in die algemeen. Daar is so baie verlore skape in die land! Kom ons begin kyk na plekke soos Durban, Port Elizabeth en Nelspruit, om slegs enkele te noem. Die verkondiging van die evangelie en die planting van nuwe gemeentes is nog altyd die mooiste werk wat die kerk van Christus kan doen in hierdie wêreld. Dit is harde werk, maar dit is ook werk wat die belofte van God se seën saamdra. My droom vir die VGKSA is dat ons oor 10 jaar 'n aantal kerkplantingsprojekte aan die gang het, en dat teen daardie tyd een van ons predikante 'n handleiding geskryf het met die titel 'Hoe om 'n Vrye Gereformeerde Kerk te plant'.

Die boekie 'Planting an Orthodox Presbyterian Church' is uitgegee deur The Committee on Home Missions and Church Extension of the Orthodox Presbyterian Church, Willow Grove, Pennsylvania (USA), 2002. Dit is ook elektronies beskikbaar op die OPC se webwerf, www.opc.org.

Die artikel in Clarion waarna verwys word, is geskryf deur ds. WL Bredenhof. Dit het verskyn in die Year End 2002-uitgawe, p. 603-604. ¤

VERKIESINGS IN NEDERLAND

Joke Parre-Hartog

SAMELEWING

Op 22 Januarie 2003 is daar in Nederland verkiesings gehou vir die Tweede Kamer van die State-Generaal (die parlement). Dit is die tweede keer binne een jaar. Vir die Nederlandse politiek is dit uitsonderlik. Wat het gebeur?

Gewoonlik word daar elke vierde jaar 'n nuwe parlement gekies. Daarna word daar 'n regering gevorm. Dit is gewoonlik 'n koalisieregering wat op die steun van die meerderheid van die parlement kan staatmaak. Die CDA (Christen Democratisch Appèl) was jare lank in die regering verteenwoordig. By die verkiesings van 1994 het die CDA egter byna die helfte van hul 45 setels verloor. As gevolg daarvan is daar in 1994, en weer in 1998, 'n regering saamgestel uit die Partij van de Arbeid (PvdA, sosialisties), die Volkspartij voor Vrijheid en Democratie (VVD, liberaal) en Democraten '66 (D'66, links-liberaal). Hierdie regering het die bynaam 'paarse regering' (paars = pers) gekry as gevolg van die samewerking van die rooi (sosialistiese) PvdA en die blou (liberale) VVD. Vir die eerste keer in 'n lang tyd was daar in Nederland regerings waarin daar geen Christelike party verteenwoordig was nie.

Veral in die laaste twee jaar is daar baie kritiek gelewer op die koers en beleid van hierdie 'pers' regering. Hierdie ontevredenheid het onder andere 'n uitweg gevind in die vorming van 'n nuwe politieke party onder leiding van 'n sekere Pim Fortuyn, 'n ekonoom wat baie geskryf, baie gepraat en (m.i.) min gesê het. Hy het egter met sy uitsprake en optrede wel roering in die politieke lewe gebring. Skielik het elke Nederlander weer oor die politiek gepraat.

Daar was nie veel beginsels by Pim Fortuyn te vinde nie, maar wel baie opruiende taal. Veral in die groot stede, waar daar baie onrus was, hoofsaaklik met betrekking tot die vreemdelingebeleid en die onveiligheid op straat, het hy baie navolging gehad. Pim Fortuyn is egter op 6 Mei, nege dae voor die verkiesings, vermoor.

'n Partyleier wat vermoor word, is in Nederland iets wat ondenkbaar en verskriklik is. Omdat Pim Fortuyn so gewild was, het dit 'n ongekende stroom van emosies te weeg gebring. En dit het tot 'n ommekeer in die Nederlandse politieke verhoudings gelei. Die "Lijst Pim Fortuyn" (LPF) het 28 parlementsetels verkry, die PvdA is gehalveer en het slegs 23 setels oorgehou, en die CDA het skielik weer die grootste party geword met 43 setels. Die wins van die CDA was grotendeels te danke aan die optrede van die partyleier, dr Jan Peter Balkenende, 'n jong, intelligente, eerlike man met 'n gereformeerde agtergrond.

CHRISTENUNIE

In hierdie roerige tye het die ChristenUnie vir die eerste keer aan die landelike verkiesings deelgeneem. Die ChristenUnie is 'n federasie (op weg na samesmelting) van die GPV (Gereformeerd Politiek Verbond) en die RPF (Reformatorische Politieke Federatie). Die partyleier was dr. Kars Veling, lid van die GPV. Hy het baie bestuurservaring binne die GPV gehad en was ook 'n senator in die Eerste Kamer van die State-Generaal.

Die ChristenUnie het voor die verkiesings baie positiewe aandag van die pers gekry. Kars Veling is geprys oor sy grondige kennis van die politiek, wat hy op 'n baie oortuigende en vertrouewekkende manier na vore gebring het. Hier en daar was daar klein rimpeltjies in die Christelike politieke dammetjie, maar tog het die ChristenUnie tot 13 Mei (!) in die meeste meningsopnames by 7 setels uitgekom.

Meningsopnames het in Nederland gewoonlik 'n groot invloed op politieke stemgedrag!

Groot was die teleurstelling toe die uitslae op 15 Mei slegs 4 setels gegee het. Daar het baie kritiek op die uitoefening van die leierskap van Kars Veling gekom. Hy is weliswaar deur die bestuur eenparig tot hierdie moeilike pos benoem, maar tog is die oorsaak van die teleurstellende uitslag hoofsaaklik aan hom toegeskryf. Daar is deur die hele party 'n evalueringsverslag opgestel, 'n kongres gehou, baie gepraat en baie geskryf. Gelukkig het die bestuur saam met die hele party hul volle vertroue in Kars Veling se werk as partyvoorsitter van die ChristenUnie in die parlement uitgespreek.

Na hierdie verkiesings het Nederland 'n kabinet gekry wat bestaan uit die CDA, LPF en VVD. Vanaf die begin af was daar probleme by een van die betrokke partye, naamlik die LPF. Die leiers van die party kon nie met mekaar oor die weg kom nie en daar was gedurig konflikte. So kon daar onmoontlik geregeer word. Die ander regeringspartye CDA en VVD het hulle vertroue in die LPF opgesê. Reeds na 87 dae het die regering geval! Nuwe verkiesings moes gehou word.

Vir die ChristenUnie het hierdie vervroegde verkiesings taamlik ongeleë gekom. Kars Veling het skaars herstel van 'n swaar senuwee-ineenstorting en kon nog skaars in die Tweede Kamer werk. Weer het daar kritiek gekom op sy leierskap in die Mei-verkiesings. Daarom het die bestuur besluit om hom nie vir die tweede keer as hoofkandidaat voor te stel nie.

Opnuut het daar groot onrus in die party gekom en m.i. tereg. Ek is van mening dat die bestuur hierdie besluit ontydig en onregmatig geneem het. Uit die uitslag van die verkiesings van Januarie 2003 blyk dan ook dat die teleurstellende uitslae van Mei 2002 nie 'n gevolg van Kars Veling se swak leierskap was nie. Veling het by al die teenslae wat hy moes verduur, homself koninklik gedra, soos wat dit 'n ChristenUnie-lid betaam.

Volgens die uitslae van die Januarie verkiesings het die CDA die grootste party gebly. Die PvdA het herstel en Pim Fortuyn se party het teruggesak. Die ChristenUnie het van vier na drie setels gesak (sien die uitslae-tabel by hierdie artikel).

Ek was baie teleurgesteld oor hierdie uitslae, veral omdat die Christen-Unie nog verdere verliese gely het. Die draagvlak vir 'n duidelike Christelike geluid in die Nederlandse politiek word sigbaar minder onder die Christene. Dit lyk asof die Christelike politiek in Nederland baie min aandag kry. Die ChristenUnie het 'n goeie program gehad, wat deur wetenskaplike ondersoeke as die beste program gekroon is. Verder het hulle ook 'n goeie partyleier in die persoon van drs. André Rouvoet gehad. Tog was die aantal stemme maar net genoeg vir drie setels.

EVALUERING

Dit is altyd moeilik om die redes vir verkiesingswins en -verlies te deurgrond. Verkiesings is persoonlik en geheim. Was die GPV-ondersteuners kwaad, teleurgesteld of hartseer omdat Kars Veling nie meer partyleier was nie? Het die bestuur hulle laat lei deur die waan van die dag? Dit is byvoorbeeld bekend dat jong Christene nie meer vanselfsprekend stem op die ChristenUnie of die SGP nie. Volgens my sou dit goed wees as die ChristenUnie hulle diepgaand sal besin op hierdie verkiesings en op hulle beleid vir die toekoms.

Dit lyk asof Nederland 'n driestromeland word. Links is daar die sosialiste, in die middel is daar kiesers met 'n gematigde oortuiging, dikwels met 'n Christelike agtergrond, en regs is daar die liberales.

Veral noudat die ekonomiese resessie in Nederland 'n bietjie meer voelbaar word (en dit beteken vir baie Nederlanders 'n bietjie minder rykdom (!)), kies hulle strategies vir die mag.

'n Groot CDA het vir baie Christene aantreklik geblyk te wees. Die min Christelike mylpale wat die CDA bereik het, word dan gemakshalwe vergeet. Dieselfde geld vir die sosialiste-party (SP). Die sosialiste was met hulle 19 setels (altans, volgens meningspeilings) 'n lastige vlieg in die salf vir die PvdA. Tog het die mense eerder vir 'n groot PvdA gekies en moes die SP met dieselfde aantal setels genoeë neem as by die vorige verkiesings.

Ons gebed is soos altyd weer dringend nodig vir die owerheid. Gelukkig mag ons seker weet dat ons Heer en Heiland regeer en Koning is oor die hele wêreld. Dit gee rus en lewensmoed ook om in geloof, hoop en liefde ywerig te wees in die Christelike politiek. Ons burgerskap is in die hemel!

Joke Parre-Hartog werk as 'n vrywilliger by Mukhanyo Theological College, via die Nederlandse sendingorganisasie De Verre Naasten. In Nederland is sy lid van die ChristenUnie, en reeds jarelank aktief betrokke in die GPV.

Uitslae verkiesings Nederlandse parlement, Januarie 2003

Christen Democratisch Appèl	(CDA)	44
Partij van de Arbeid;	(PvdA)	42
Volkspartij voor Vrijheid en Democratie	(VVD)	28
Sosialistische Partij	(SP)	9
Lijst Pim Fortuyn;	(LPF)	8
Groen Links	(GrLinks)	8
Democraten '66	(D'66)	6
ChristenUnie	(CU)	3
Staatkundig Gereformeerde Partij	(SGP)	2

VEELSYDIGE SENDELING VERTREK NA AMERIKA

- Onderhoud met ds. Dirk Maurits Boersma

Henria Stolper

ONDERHOUD

Ons ken hom almal, die jong dominee wat met die jeug 'gesosialiseer' het, maar ook in staat was om met volwassenes en kollegas goeie bande te smee: Dirk Maurits Boersma. Sendeling vir Soshanguve-Suid, musikant, orkesdirigent en vriend. Inderdaad 'n veelsydige, begaafde man. Op 3 Februarie het hy na Denver in Amerika vertrek waar die Here hom geroep het tot 'n nuwe taak. Vir ons 'n hartseer dat hy gaan; vir die gemeente in Denver 'n vreugde om weer 'n eie herder en leraar te verwelkom.

VERTEL ONS ASB. VAN JOU EERSTE ERVARINGS IN SUID-AFRIKA

Ek is in 1995 deur die Vrye Gereformeerde Kerk van Pretoria beroep as sendeling vir Soshanguve-Suid. Nadat ek 'n deel van die sendingsopleiding (GMO) in Nederland voltooi het, het ek die ander deel in SA gedoen. Dit was die eerste keer in die geskiedenis dat die Gereformeerde Missiologiese Opleiding deur plaaslike dosente aangebied is. Die tweede deel van die opleiding het bestaan uit leeswerk, gesprekke met dosente, taalstudie en spesifieke opdragte. Verder moes ek die taal, volk en kultuur van die Noord-Sotho-sprekende leer ken. Ek het 'n ses maande Noord-Sotho-kursus by die Universiteit van Pretoria gevolg en het daarna vir twee en 'n halwe maand in Soshanguve gaan bly om die taal te leer praat. Gedurende Februarie was die sinkhuis-ervaring uiters warm, maar die kontak met mense wat in dieselfde omstandighede moes lewe, was waardevol. Na die periode het ek myself gedwing om altyd Noord-Sotho te praat. My opdrag was kerkplanting in die nuwe woongebied in die suide van Soshanguve, maar die hoe daarvan moes ek self uitvind en beproef.

WAT WAS JOU WERKSWYSE T.O.V. KERKPLANTING?

Eerstens is kerkplanting die werk van God en daarom het ek met gebed begin. Die feit dat ek 'n 'swart' taal kon praat is deur die swart mense geweldig gewaardeer sodat die toenadering daardeur vergemaklik is. Die mense was baie 'oop' teenoor my. Die meeste mense wat ek besoek het was bereid om in die nuwe woonbuurt die nuwe dominee van die ander kerk te ontvang en Bybelstudie te doen. Die eerste twee jaar was baie moeisaam en dit het gelyk asof daar nie veel gebeur nie. God se Gees het egter wel gewerk. Die werk het skielik momentum begin kry en daar was in 1999 twee maal 'n groep mense wat toegelaat kon word. Aan die einde van die jaar was daar twintig lidmate. Die jare daarna het die gemeente verder gegroei en dit was nie slegs individue wat aangesluit het nie, maar ook gesinne. Ek het van elkeen wat gevra het om toelating, verwag om dieselfde pad van kategese te loop, ongeag hulle kerklike agtergrond.

WAS DAAR ENIGE SAMEWERKING OF LEIDING VAN DIE ANDER SENDELINGE WAT REEDS MEER ERVARING GEHAD HET?

As sendelinge het ons saam besin oor beleidsmatige aangeleenthede soos om die selfstandigheid van die gemeente sentraal te stel. Die gemeente is die werk van Jesus Christus en die Heilige Gees wat gawes gee. As sendeling gee jy leiding deur strukture aan te wys waarbinne gemeentelede hul gawes kan gebruik. Daardeur ontwikkel 'n goeie gemeentemodel wat nie sommer sal platval wanneer die sendeling nie daar is nie.

WAT WAS DIE HOOGTEPUNTE VAN DIE SEWE JAAR SENDINGDIENS?

Die eerste hoogtepunt was die aansluiting van die eerste lidmate in '99. Verder die feit dat die mans vanaf 2002 begin het om gereeld te vergader. Hulle het op eie inisiatief my voorstel in die verband opgevolg. Hierdie sessies is bedoel om mekaar op te bou in die geloof. Ons het vanuit die Skrif gepraat oor die take binne die kerk, maar ook buite die kerk bv. tydens begrafnisseremonies waar baie mense 'n woord kan spreek. Ook binne die gemeente is dit nie slegs aspirant-ouderlinge wat take het en toegerus moet word nie. Ek het van die broers gereeld saamgeneem op huisbesoek en ook die eerste deel van die erediens laat behartig. Daardeur het mense hulle gawes ontdek, dit gestimuleer en vrymoedigheid opgebou.

WAS DAAR OOK TELEURSTELLINGS EN MOEITE TYDENS DIE AMPER SEWE JAAR?

Dit was vir my jammer dat die gemeente wat my beroep het, nie baie betrokke is by die sending nie. 'n Deel van my taak was, om die gemeente positief by die sending te betrek. Weinig gemeentelede besoek die sendingsveld. Daar was meer besoekers uit Nederland as uit Pretoria. Baie SA blankes het hulle generaliserende menings oor swart mense wat sus en so is, maar die sending gee nuwe perspektiewe op rasseverhoudings. Swart mense wat deur die Heilige Gees verander is, is baie nader aan ons as die wit buurman wat nie uit die geloof wil lewe nie. Ek sal graag die hele sendende gemeente aktief betrokke sien by die sendingswerk.

Die houding van: die sendeling doen mos die werk en ons betaal hom, is verkeerd. Die sendende gemeente moet moeite doen om die swartmense se leefwêreld te leer ken, sodat die onderlinge band en liefde daardeur groei.

Wat vir my 'n verdere moeite was, was om steeds heen en weer te pendel tussen twee terreine nl. Pretoria en Soshanguve. Dit was vermoeiend om voortdurend te moet oorskakel tussen twee wêrelde wat mekaar nie ken nie. In albei wêrelde kon ek myself nie vir honderd persent gee nie. Tussen my eie mense het dit my opgeval dat min mense die plek waar ek werk, ken. Dit maak dat jou lewe opgedeel is.

WAT WAS DIE WAARDE VAN JOU BETROKKENHEID BY KERKVERBANDELIKE WERK?

Dit was 'n voorreg om 'n wye verskeidenheid van take te verrig. Aangesien dit my eerste bediening was en ek alles nog moes leer, was dit baie vormend. As gevolg van die klein kerkverband van die VGKSA is daar baie werk wat verrig moet word deur 'n geringe aantal mense. Baie van die take was interessant en ek sê moeilik "nee" vir 'n opdrag. Die nadeel daarvan is dat elke ekstra taak minder tyd en aandag vir die sending beteken, wat tog my eerste prioriteit was. Vanaf die begin was ek betrokke by die Betrekkinge Buitelandse Kerke (BBK) op grond waarvan ek ook die ICRC Philadelphia 2001 bygewoon het. Vanaf die jaar 2000 was ek deel van die Studiedeputate vir Kerkverband en Opleiding.

WAT IS JOU VISIE T.O.V. DIE VERHOUDING TUSSEN DIE SWART GEMEENTE(S) EN DIE BLANKE GEMEENTES BINNE ONS KERKVERBAND?

Eerstens dat ons hulle as volwaardige, self-standige gemeentes moet beskou en nie besluite op hulle moet afdwing nie. Ons moet nie dink dat ons weet wat goed is vir hulle nie. Dit geld ook t.a.v. die besluite oor opleiding van predikante waar ons saam met hulle moet besluit wat nodig is. Predikante moet nie slegs akademies geskool word nie, maar grondig opgelei word om binne hulle eie omgewing te kan werk. Die huidige blanke opleiding is nie gerat om swart studente op te lei nie. Dit is egter jammer dat 'n tweede teologiese opleiding gestig is sonder om eers te kyk na die verbinding met die opleiding van swart studente by Mukhanyo. Dit is belangrik dat ons saam met die swart gemeentes gaan nadink oor die opleidingsvraagstuk en dat ons nie ons swart broeders in 'n tydsdruk plaas om besluite te neem nie. Ons moet ook nie probleme simplifiseer nie, maar sorgvuldig met ons swart broeders omgaan sodat ons nie foute maak wat jammerlike gevolge vir die toekoms het nie.

WAT WAS DIE REDE VIR DIE BETROKKENHEID VAN DIE VGKSA SENDING BY MUKHANYO?

Dit is uiters noodsaaklik vir die sending om studente uit die swart gemeentes op te lei. Mukhanyo is 'n skool wat studente vanuit die Gereformeerde basis oplei om toegerus te word vir die bediening in hulle eie omgewing. Alhoewel ons die nuwe predikante daar oplei, is dit tog belangrik dat altwee teologiese opleidings van blank en swart onder een toesig staan. Ons moet die opleiding by mekaar hou binne een kerkverband. Verder is dit belangrik dat ons voortdurend saam met die swart gemeentes besin of die twee opleidings apart gaan bly of dat dit dalk in die toekoms een opleiding gaan wees.

HOE LYK JOU NUWE WERKS-TERREIN IN DENVER EN WAT IS DIE SPESIALE OPDRAGTE WAT JY MOET UITVOER?

Ten eerste dat ek nog steeds 'n tipe sendeling gaan wees. Die gemeente in Denver het reeds tot vyf en dertig verminder in die afgelope jare. Die gemeente het iemand gesoek met sending-ervaring, wat 'n visie kan ontwikkel vir kerkuitbreiding. Buiten die gewone taak van 'n predikant in die gemeente, is 'n deel van my werk dus evangelisasie en begeleiding van die wat wil aansluit. Ek het by die gemeentelede aldaar die begeerte en die bereidheid opgemerk om die evangelie aan ander te vertel.

Die kerk in Denver is a.g.v. afstand baie geïsoleerd van die Kanadese kerkverband. Aangesien daar geen ander predikant beskikbaar was om die werk te doen nie, sien ek dit as 'n roeping om daarheen te gaan. In Suid-Afrika is daar genoeg swart medewerkers om die werk oor te neem: twee studente sal o.l.v. ds. De Visser in Soshanguve-Suid aangaan. Verder het die Here die gemeente geseën met manne wat die gemeente verder kan opbou en onderrig.

T.o.v. die Kanadese susterkerke is Denver geïsoleerd, maar daar is heelwat ander Gereformeerde kerke in die stad waarmee die gemeente kontakte onderhou. Die samespreking met daardie kerke sal ook 'n belangrike taak wees. Die werk in Denver is veel-sydig. My persoonlike doelstellings is nog steeds om ander mense na Jesus Christus toe te bring en Hom vir hulle konkreet te maak in hulle lewens. Verder om mense in die geloof te begelei en te stimuleer. Aangesien dit slegs God is wat die geloof kan skenk, sal ek ook elke dag my dagtaak daar met gebed begin. Ek bid steeds dat die Here my sal seën sodat ek 'n seën mag wees vir ander. ¤

Ds Boersma saam met een van die swart studente en broeders in Soshanguve